



DR. ANNA LOUW

Korrespondent

In Suid-Afrika is daar reeds geruime tyd verenigings van mense wat hul plaaslike biblioteek ondersteun en hulle *Vriende van die Biblioteek* noem. So bestaan daar reeds sedert 1955 'n vereniging van Vriende van die Suid-Afrikaanse Biblioteek (nou deel van die Nasionale Biblioteek). Bellville se Openbare Biblioteek het so 'n vereniging wat meer as 30 jaar oud is en die Biblioteekvriende van Somerset-Wes en Helderzicht bestaan ook reeds meer as 15 jaar.

In 2002 het die Vriende van Rondebosch en Bellville se Openbare Biblioteke die inisiatief geneem vir die vorming van 'n koöperatiewe organisasie van die verskillende organisasies van Vriende in Kaapstad se metropool.

Die doel is om 'n drukgroep te vorm ter ondersteuning van die openbare biblioteke in die algemeen. 'n Loodskomitee is saamgestel en het sedertdien gereeld vergader om gemeenskaplike sake te bespreek en 'n publiseringskampanje te beplan. In Augustus 2003 is 'n opvolgvergadering van die oorspronklike Indaba gehou, waartydens die komitee opdrag ontvang het om 'n grondwet vir die oorkoepelende organisasie op te stel en aan die onderskeie verenigings van Biblioteekvriende voor te lê.

Alhoewel dit goed is dat verskillende verenigings van Biblioteekvriende namens hul onderskeie

biblioteke saamwerk en hul optrede koördineer, sal elke vereniging van Biblioteekvriende sy eie eienskappe hê en sy biblioteek op sy unieke manier ondersteun. Sommige verenigings van Vriende spits hulle toe op geldinsameling,

terwyl ander vrywilligers voorsien om die biblioteekpersoneel te help met take waarvoor daar nie genoeg betaalde hande is nie. Nóg tans is byeenkomste van die Vriende van verskillende biblioteke nuttige geleenthede om idees oor werksaamhede en maniere om die eie biblioteek te help, uit te ruil.

Doelwitte

'n Voorbeeld van die doelwitte wat 'n vereniging van Biblioteekvriende vir homself kan stel, is:

- om goeie betrekkinge tussen die biblioteek en die gemeenskap van die omgewing te bevorder
- om kennis van die funksies, hulpbronne, dienste en behoeftes van die biblioteek te bevorder
- om die kulturele aktiwiteite van die biblioteek, soos lesings, besprekingsgroepe, verhoogproduksies, uitvoerings, uitstallings, films, ensameer, te bevorder
- om geskenke van boeke en manuskripte aan die biblioteek aan te moedig
- om geskenke van historiese foto's en ander dokumente wat op die omgewing betrekking het, aan te moedig
- om fondse vir die biblioteek in te samel.

Uiteraard is dit waarskynlik dat party van hierdie doelwitte op enige vereniging van Biblioteekvriende van toepassing sal wees, terwyl sommige verenigings nie met almal sal saamstem nie. Meer oor aanpassings by besondere omstandighede later.

Voordele

'n Groep Biblioteekvriende kan hul biblioteek op verskillende maniere van diens wees. Ek noem die belangrikste maniere wat ek uit eie ervaring en artikels wat ek gelees het, kon agterkom, en bespreek dan party in meer besonderhede.

~ Geld insamel om die onvoldoende fondse wat deur die owerheid verskaf word aan te vul.

Alhoewel dit goed is dat verskillende verenigings van Biblioteekvriende namens hul onderskeie biblioteke saamwerk en hul optrede koördineer, sal elke vereniging van Biblioteekvriende sy eie eienskappe hê en sy biblioteek op sy unieke manier ondersteun

- ~ Reklame vir die biblioteek en sy werksaamhede in die gemeenskap maak.
- ~ Inligting van die gemeenskap na die biblioteek terugvoer, byvoorbeeld, oor probleme wat gebruikers met die biblioteek se diens ervaar.
- ~ Vrywillige werkers voorsien wat die personeel kan help met take wat hulle nie kan behartig nie.
- ~ Hulp verskaf met uitreikwerksaamhede van die biblioteek.

Geldinsameling

Die mees voor die hand liggende werksaamheid waarmee 'n vereniging van Biblioteekvriende sy biblioteek kan bystaan, is om geld in te samel om die fondse wat vir die bedryf van die biblioteek beskikbaar gestel word, aan te vul. 'n Voorbeeld van sulke aanvulling, is om biblioteekmateriaal aan te skaf, wat te duur is om uit die begrote fondse te koop, of wat die Provinsiale Biblioteekdienste nie voorsien nie, aangesien elke gemeenskap se behoeftes verskil. Verskeie biblioteke waarvan ek bewus is, is slegs daar toe in staat om 'n fotokopieerdienst te voorsien omdat hul Vereniging van Biblioteekvriende dit vir hulle maontlik gemaak het deur masjien te koop of te huur en die papier vir fotokopiering aan te skaf. Enige profyt wat uit die diens voortspruit, gaan na die Vriende, wat dit uiteindelik weer aan hulp vir die biblioteek bestee.

'n Vereniging van Biblioteekvriende kan ook kunswerke of apparaat aan die biblioteek skenk. Onlangs het Bellville se Biblioteekvriende, byvoorbeeld, betaal vir 'n oorspronklike kunswerk deur die kunstenaar Piet Grobler vir die kinderbiblioteek. Die werk het heelwat aandag en bewondering uitgelok. Op 'n meer alledaagse vlak, het Somerset-Wes se Biblioteekvriende vier rekenaars aan sy biblioteek geskenk om rekenaarmatige werkverrigting te vergemaklik.

Ander voorbeelde van fondsinsameling deur Biblioteekvriende is: verkopings van geskenkte boeke, tydskrifte en klankplate; versameling van afvalpapier vir herbenutting; die installering van 'n kennisgewingsbord in die biblioteek se voorportaal en die verhuur van ruimte daarop vir advertensies; verkoop van swart vullissakke; die uitloting van geskenkte artikels; byvoorbeeld, skilderye.

Reklame

Biblioteekvriende kan mondeling in die gemeenskap reklame maak vir die dienste van die biblioteek. Dit was, byvoorbeeld, vir my by heel party geleenthede moontlik om aangename aspekte van my gebruik van die biblioteek aan vriende of kennisse te noem, of wanindrukke oor die biblioteek reg te stel. Die Vereniging van Biblioteekvriende behoort 'n goeie verhouding met die plaaslike media, in besonder die gratis koerant, op te bou. Koerant moet by elke geleentheid in kennis gestel word van aktiwiteite wat nuuswaardig kan hê en 'n poging moet aangewend word om 'n verslaggewer en/of fotograaf van die koerant aanwesig te hê. Biblioteekvriende kan gerus ook self foto's

by sulke geleentheid neem, en dit met toepaslike teks aan die koerant stuur of op kennisgewingsbord uitstal. Boekmerke kan gedruk en saam met biblioteekmateriaal aan gebruikers verskaf word om die boodskap van die biblioteek en sy Vriende uit te dra. Paarlse Biblioteekvriende gee 'n maandelikse nuusblaadje uit, 'n voorbeeld wat beslis navolgbaar is.

Terugvoering

'n Vereniging van Biblioteekvriende kan toepaslike inligting, byvoorbeeld, oor probleme wat die publiek met die biblioteek ervaar, van die gemeenskap na die biblioteekpersoneel terugvoer. Hulle kan ook die biblioteekpersoneel laat weet van dienste wat gebruikers graag ingestel sou wou sien, maar huiwer om self voor te stel, soos nuwe tydskrif-titels wat hulle graag wil raadpleeg. So 'n vereniging kan ook 'n gemeenskapsopname maak om inligting oor die lees- en informasiebehoefes van nie-gebruikers aan die biblioteekoor te dra.

Vrywilligers

Of 'n Vereniging van Biblioteekvriende reël vir vrywilligers, wat met bepaalde dienste in die biblioteek kan help of nie, sal in die eerste plek daarvan afhang of die bibliotekaris en personeel gewillig is om vrywilligers toe te laat om met hul take in die biblioteek te help. Die personeel van sommige biblioteke hou nie van die idee dat vrywilligers sommige take in die biblioteek moet uitvoer nie. Dit kan ook gebeur dat vakbonde die gebruik van vrywilligers teenstaan, omdat hulle dink dat werk wat sonder vergoeding verrig word, die aantal betaalde poste in die biblioteek in gevaar kan stel.

'n Vrywilligerprogram kan egter baie goed werk as die personeel dit aanvaarbaar vind. Die houding van die personeel teenoor die vrywilligers is 'n belangrike faktor in die sukses daarvan. Aan hulle kant moet die vrywilligers besef dat hulle nie die beheer oor die biblioteek kan oorneem nie, maar by die werk van die personeel moet aanpas. By Somerset-Wes se Openbare Biblioteek, byvoorbeeld, hou 'n senior lid van die personeel toesig oor die werk van die vrywilligers, maar ander personelede is soms die kontakpersone vir bepaalde take. 'n Lid van die Biblioteekvriende se uitvoerende komitee koördineer bepaalde vrywillige werksaamhede, soos die terugplasing van boeke op die rakke, waarvoor 'n span vrywilligers volgens 'n rooster gebruik word. Die biblioteekpersoneel toon hul waardering vir die werk van die vrywilligers deur hulle aan die einde van werksessies te bedank. Aan die einde van die jaar reël die personeel 'n ontbyt waar tydens die vrywilligers vir die jaar

*Of 'n Vereniging van
Biblioteekvriende reël vir
vrywilligers wat met
bepaalde dienste in die
biblioteek kan help of nie,
sal in die eerste plek
daarvan afhang of die
bibliotekaris en personeel
gewillig is om vrywilligers
toe te laat om met hul take
in die biblioteek te help*



se werk bedank word. Vrywilligers hoef nie noodwendig lede van die Vereniging van Biblioteekvriende te wees nie.

Tipiese werksaamhede waarvoor vrywilligers ingespan kan word, is die terugplaas van terugbesorgde boeke op die rakke, die voorbereiding van geskenkte materiaal vir gebruik in die biblioteek en die heelmaak van vernielde boeke en ander materiaal. As die Biblioteekvriende gelukkig genoeg is om enkele afgetrede bibliotekarisse onder hul lede te tel, kan hulle met indeksering, klassifikasie en raklees (kontrole van materiaal op die rakke) help. By Somerset-Wes het verskeie afgetrede bibliotekarisse gehelp met bepaalde take in verband met die inwerkingtreding van die gerekenariseerde uitleenstelsel, byvoorbeeld, om gebruikers se nuwe leenkaarte uit te reik en die verbandhoudende kontroles uit te voer.

Uitreichwerksaamhede

'n Vereniging van Biblioteekvriende kan sy openbare biblioteek help deur deelname aan uitreichwerksaamhede soos geleentheidsklasse en 'n diens aan tuisgebonde biblioteekgebruikers en die inwoners van tehuise vir senior burgers.

Moontlike nadele

Inmenging in die sake van die biblioteek: die Biblioteekvriende mag nie toegelaat word om te veel mag in die sake van die biblioteek uit te oefen nie.

Biblioteekvriende sowel as biblioteekpersoneel moet in gedagte hou dat die meeste vrywilligers, indien daar van hulle gebruik gemaak word, makliker sal wegbly van die werk as mense wat betaal word. Vrywilligers is deesdae oorwegend senior burgers, wat moontlik nie so gesond en sterk as jonger mense is nie. Die biblioteekpersoneel moet dit in gedagte hou by die toewysing van take aan vrywilligers. Vrywilligers moet aangemoedig word om altyd die personeel wat toesig hou oor hul werk te laat weet wanneer hulle nie hul take sal kan verrig nie.

Dit kan gebeur dat mense aanbied om as vrywilligers diens te doen, met die oog daarop om mettertyd betaalde werk in die biblioteek te kry. Dit moet dus aan alle beginners duidelik gemaak word dat vrywilligers nie betaal word nie, en dat hulle nie daarop kan reken om bevoordeel te word as betaalde poste in die biblioteek gevul word nie. Wat nie met die dienste van vrywilligers verwar moet word nie, is studente van biblioteek- en inligtingkunde wat soms vereise praktykervaring in openbare biblioteke doen. Dit is onbetaalde werk, en word op gestruktureerde wyse, onder toesig van hulle dosente en die biblioteekpersoneel gedoen.

Hoe om 'n Vereniging van Biblioteekvriende aan te voer

Die persoon wat 'n vereniging wil inisieer, moet uiteraard die saak met die biblioteekpersoneel, asook met die betrokke hoof binne die breër organisasie, bespreek, om

hul medewerking te kry. 'n Openbare vergadering kan dan belê word. Biblioteekgebruikers wat voorstelle oor aankope of ander aspekte van die biblioteekdiens maak, behoort na die vergadering uitgenooi te word. Gebruik u kennis van die gemeenskap. Gereelde gebruikers van die biblioteeksaal en/of aktiwiteitskamer kan gerus ook ingesluit word. Daarbenewens behoort kennisgewings in die plaaslike koerante en in prominente plekke geplaas te word.

Iemand wat reeds elders by 'n Vereniging van Biblioteekvriende betrokke is, kan gevra word om die vergadering oor die voor- en nadele van so 'n organisasie toe te spreek. U kan dan verduidelik wat u in gedagte het. Die aanwesige persone kan dan 'n loodskomitee vorm om 'n grondwet vir die vereniging op te stel en meer lede te werf.

Slot

Mense vra dikwels watter voordeel die individu uit lidmaatskap van 'n Vereniging van Biblioteekvriende kan kry. Ek kan maar net uit my persoonlike ervaring sê dat ek die werk met boeke geniet en verrykend vind. Die lede van die vereniging waarby ek betrokke is en die biblioteekpersoneel het vir my gawe vriende geword, en ek kry bevrediging in die bewustheid dat ek 'n klein bydrae in my gemeenskap maak.

Dr Anna Louw was mede-professor in Biblioteek- en Inligtingkunde aan Unisa. As pensionaris hou sy haar besig met biblioteekvriende en kinderboeke.

Lys van geraadpleegde werke

Cloete, AM. Ouer gebruikers: dienste aan én van hulle. **Kaapse Bibliotekaris**, vol. 43, no. 5, Sept/Okt 1999, pp. 10-11.

De Kock, WJ. Die Vereniging van Vriende van die Suid-Afrikaanse Biblioteek. in **The South African Library: its history, collections and librarians**, ed. by C.Pama. Cape Town: the Library, 1968, pp. 193-198.

Jacobs, L. Start your own voluntary workers' programme. **Cape Librarian**, vol. 44, no. 3, May/June 2000, pp. 36-37.

Library service hosts training workshop. **KWAZNAPLIS**, vol. 1, no. 6 November/December 1995, pp. 3-7.

Louw, A. Volunteers in libraries. **LIASA-in-touch**, vol. 3, no. 1, February/March 2002, pp. 13-15, 17.

Steyn, L. Volunteer workers in the library - precious pearls or undeveloped grit? **Cape Librarian**, vol. 36, no. 5, May 1992, p. 10.

Swart, I. Friends Indaba great success. **Cape Librarian**, vol. 47, no. 2, March/April 2003, pp. 3-4.

Van Straaten, K., Cloete, E., Carter, G. Personeeltekort? Die 'vrywillige' oplossing. **Kaapse Bibliotekaris**, vol. 43, no. 4, Jul/Aug 1999, pp. 10-13.

